

Graad 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSEMPLAAR

VRAESTEL 1

November 2014

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 30 minute

AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A – LEESBEGRIP

VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL

- Lees die onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae.

Michael Phelps aangekeer weens dronkbestuur

1. Die Olimpiese sterswemmer Michael Phelps is Dinsdag in Maryland gearresteer en aangekla weens bestuur onder die invloed van drank, het die polisie gesê.



Michael Phelps



volg

@MichaelPhelps

(1/3) Vroeër vanoggend was ek gearresteer en aangekla van dronkbestuur, roekelose bestuur en die kruising van dubbellane.

9:40 VM - 30 Sept 2014

3,087 Hertwiete, 3,433 Gunstelinge



Michael Phelps



volg

@MichaelPhelps

(2/3) Ek verstaan die erns van die situasie en aanvaar volle verantwoordelikheid.

9:41 VM - 30 Sept 2014

2,450 Hertwiete, 2,331 Gunstelinge



Michael Phelps



volg

@MichaelPhelps

(3/3) Ek weet die woorde mag op die oomblik nie veel beteken nie. Ek is regtig baie jammer aan almal wat ek teleurgestel het.

9:45 VM - 30 Sept 2014

4,867 Hertwiete, 2,231 Gunstelinge



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER-EKSAMEN 2014
VRAESTEL 1

2. Hy is in die vroeë oggendure afgetrek in die Fort McHenry-tonnel in Baltimore. Hy het met sy wit Land Rover teen 135 km/h in 'n gebied met 'n spoedbeperking van 72 km/h gery, het Maryland se verkeersowerheid gesê.
3. "Hy het nie na wense gevaar in 'n reeks standaard nugterheidstoetse nie," het hulle in 'n verklaring gesê.
4. Die 29-jarige swemmer word aangekla van bestuur onder die invloed, oormatige spoed en die oorsteek van bane met dubbellyne, het hulle bygevoeg.
5. Michael het op Twitter sy berou uitgespreek aan sy 1,6 miljoen aanhangers.
6. Michael, wat 18 Olimpiese goue medaljes agter sy naam het, het in 2012 ná die Olimpiese Spele in Londen uitgetree, maar het vroeër vanjaar weer begin deelneem en oorweeg dit om aan die volgende Spele deel te neem.
7. Verlede maand het hy 'n skitterende terugkeer tot internasionale byeenkomste gemaak toe hy by die Pan-Pasifiese swemkampioenskapsbyeenkoms in Australië drie goue medaljes gewen het.
8. Sy prestasie – onder die leiding van sy jare lange afrigter, Bob Bowman – het die hoop laat opvlam dat hy aan die volgende Olimpiese Spele sal deelneem.
9. In 2004 het Michael skuld erken op 'n aanklag van bestuur onder die invloed. Hy is 'n proeftydperk van 18 maande en 'n boete van R2 750 opgelê. Hy het dit toe as 'n geïsoleerde voorval beskryf.

Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal op Oktober 1, 2014

- 1.1 Waarvoor sê die polisie was Michael Phelps aangekla en in hegtenis geneem? (1)
- 1.2 Vir watter DRIE oortredinge sê Michael was hy aangekla en in hegtenis geneem? (3)
- 1.3 Hoeveel Twiete het Michael geskryf aan sy volgelinge? (1)
- 1.4 Is die volgende stelling waar of onwaar. Gee 'n rede vir jou antwoord.
Michael het sy Twiete in die middag gestuur. (1)
- 1.5 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
Michael Phelps het in sy Twiete gesê...
A dit was nie sy skuld nie.
B wat hy skryf het baie waarde.
C hy verstaan dat die situasie ernstig is.
D hy weet al sy volgelinge is trots op hom. (1)
- 1.6 Hoeveel van die mense wat Michael se tweede Twiet gelees het, het dit aangestuur? (1)
- 1.7 Met hoeveel kilometer het Michael die spoedgrens oorskry toe hy gearresteer was? (1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
 GRAAD 10 NOVEMBER-EKSAMEN 2014
 VRAESTEL 1

- 1.8 Is die volgende stelling waar of onwaar. Bewys jou antwoord uit die leesstuk.
Michael het toetse wat gedoen was, om te sien of hy dronk was, gedruip. (1)
- 1.9 Hoe oud is Michael Phelps? (1)
- 1.10 Watter massamedia-kommunikasie-middel het Michael gebruik om te sê hy is jammer? (1)
- 1.11 Hoeveel aanhangers volg Michael op Twitter? (1)
- 1.12 Hoeveel medaljes het Michael al in die Olimpiese Spele gewen? (1)
- 1.13 Wanneer het Michael uitgetree as swemmer? Gee TWEE feite. (2)
- 1.14 Kies die korrekte antwoorde en skryf sleg die nommer en die antwoord neer.

Alhoewel Michael uitgetree het as swemmer het hy in 1.14.1 (2103/2014) weer begin deelneem en sal moontlik aan die 1.14.2 (2016/2017) Olimpiese Spele in 1.14.3 (Rio de Janeiro/Londen) deelneem. (3)

- 1.15 Pas kolom A by kolom B en skryf net die nommer en die letter (1.15.1 – C) neer.

Kolom A		Kolom B	
1.15.1	Die maand waarin Michael aan sy laatste kompetisie deelgeneem het.	A	'n Internasionale byeenkoms.
1.15.2	Die naam van die kompetisie.	B	3 Goue medaljes.
1.15.3	Wat Michael gewen het.	C	Australië.
1.15.4	Die land waarin die kompetisie gehou was.	D	Pan-Pasifiese swemkampioenskap.
		E	September.

(4)

- 1.16 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Toe Micheal Phelps in 2004 skuld erken het op 'n aanklag van bestuur onder die invloed van drank...

- A was hy nie dronk nie.
 B het hy gesê dit sal weer gebeur.
 C het hy 'n opgeskorte vonnis van 1 ½ jaar gekry.
 D moes hy tweeduisend-sewehonderd-en-vyftien rand betaal. (1)

- 1.17 Wat dink jy moet die straf wees vir mense wat onder die invloed van drank bestuur? (1)

[25]

SPOTPRENT

- Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.



Raampie 1



Raampie 2



Raampie 3

- 1.18 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer:

In raampie 1 is Adri se ma is (verbaas/kwaad) omdat sy slaap. (1)

- 1.19 Haal EEN woord aan wat sê dat Adri nie omgee oor wat haar ma sê nie. (1)

- 1.20 Haal een woord aan uit raampie 3 wat dieselfde beteken as "wakker geword". (1)

- 1.21 Watter woord in raampie 3 sê dat die skole gesluit is. (1)

- 1.22 Adri sê dat sy slaap omdat sy die laaste week van haar vakansie wil geniet.

Dink jy regtig 'n mens kan jou vakansie geniet deur te slaap? Gee 'n rede vir jou antwoord. Begin jou antwoord so:

Ja, 'n mens kan jou vakansie geniet deur te slaap omdat...

OF

Nee, 'n mens kan nie jou vakansie geniet deur te slaap nie omdat... (1)

[5]

AFDELING A TOTAAL [30]

EN

AFDELING B – OPSOMMING

VRAAG 2

INSTRUKSIES

- In die stuk is sewe wenke om jou yskas vars te hou.
- Verkort / som die SEWE feite in 70 of minder woorde op.
- Skryf jou feite puntsgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

Wenke om yskaskos vars te hou

Voorkom suur melk en vrugte wat binne 'n dag afgaan. Ons deel saam met LG-yskaste 7 wenke om die kos in jou yskas vars te hou.

1. Die rakke in jou yskas het verskillende temperature. Bêre kos op die regte rak om dit langer te laat hou.
2. Verskillende temperature bederf kos die vinnigste. Hou die temperatuur in jou yskas konstant, deur dit gereeld te monitor. Die ideale temperatuur is tussen 1 °C en 5 °C.
3. Hoe meer jy 'n yskasdeur oopmaak, hoe meer koue lug ontsnap en dit veroorsaak dat vleis en groente aan die warm temperatuur buite blootgestel word. Maak seker jy haal alles wat jy gaan nodig het op een slag uit.
4. Dit is belangrik om jou yskas gereeld skoon te maak omdat dit keer dat kos afgaan. As jy iets binne-in die yskas gemors het, maak dit dadelik skoon.
5. Stoor kos in die oorspronklike verpakking. Vleis, vis, pluimvee en suiwelprodukte veral, moet in winkelverpakking bly tot op die dag wanneer dit gaargemaak word.
6. Stoor alle oorskietkos in deurskynende houers sodat jy maklik kan sien watter kos daarin is en of dit nog vars is of nie.
7. Om kos vir so lank as moontlik vars te hou, moet jy 'n yskas kry wat reg werk. As kos altyd voor die vervaldatum afgaan, moet jy dalk 'n nuwe yskas koop.

Verwerk uit Huisgenoot: Maandag 25 Augustus 2014; Michelle Nortjé

AFDELING B TOTAAL [10]

EN

AFDELING C – TAAL

VRAAG 3 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie gebaseer.

Wen 'n R5 000-koopbewys met Tile Africa

1. Daar's min dinge so lekker soos om op 'n warm dag saam met familie en vriende uit te span.
2. Die patio, ook bekend as die braaivertrek, is tydens die somer hoog in aanvaag. 8 lesers staan'n kans om die braaivertrek van hulle drome te wen.
3. **Beskrywing van die prys:**
4. *Tile Africa* gee 'n R5 000-koopbewys weg sodat jy teëls kan koop vir die patio of braaivertrek wat jy begeer.
5. Een leser, Mevrou Swart, sê: "Teëls is ideaal om my buitevertrek in 'n stylvolle rusplek te omskep, waar ek na hartelus vriende en familie kan onthaal."
6. Oorweeg die volgende teëls vir jou droomstoep:
7. Inksputteëls is 'n oplossing wat ideaal is en maak hout, klip en dekmateriaal na. Dit is kostedoeltreffend en lyk pragtig en natuurlik.
8. Porseleinteëls is bestand teen ryp.
9. Natuurlike klipteëls bied tekstuur, kan strawwe toestande weerstaan en kan lewenslank hou as dit behoorlik verseël word.



Reëls:

1. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
2. Die pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie in kontant omgesit word nie.
3. Verskaf asseblief, indien moontlik, 'n woonadres.
4. Alle werknemers van *Tile Africa*, asook hul naasbestaandes mag inskryf.
5. Die wedstryd is oop vir lesers in Suid-Afrika.
6. Die borge sal die weners kontak. Die SpaceStation en 24.com kan in die geval van probleme geen verantwoordelikheid aanvaar nie.
7. Die *Tile Africa*-koopbewys moet getoon word wanneer jy die aankoop doen.
8. Afslag is van toepassing op standaardkleinhandelpryse. Dit is nie geldig vir enige produkte wat reeds op promosie is nie.
9. Die koopbewyse is tot 12 maande ná ontvangs geldig.

Deur Yolanda op Oktober 1, 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER-EKSAMEN 2014
VRAESTEL 1

- 3.1 Skryf die teenoorgestelde van die vetgedrukte, onderstreepte woord.
Daar's **min** dinge so lekker soos om op 'n warm dag saam met familie uit te span. (1)
- 3.2 Skryf die vetgedrukte, onderstreepte nommer as 'n woord.
8 lesers staan 'n kans om die braaivertrek van hulle drome te wen. (1)
- 3.3 Korrigeer die spelfout van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Die patio, ook bekend as die braaivertrek, is tydens die **sommer** hoog in aanvraag. (1)
- 3.4 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.
Mevrou Swart sê: "Teëls omskep my buitevertrek in 'n stylvolle rusplek." (2)
- 3.5 Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd.
Die geskikste buitenshuise teëls is getekstureerde teëls. (1)
- 3.6 Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord.
Oorweeg die volgende teëls vir jou **droomstoep**. (1)
- 3.7 Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woorde.
Inkspuitteëls is 'n **ideaal** oplossing (1)
- 3.8 Vorm 'n nuwe woord deur die vetgedrukte / onderstreepte woorde te kombineer.
Natuurlike klip-teëls kan strawwe (**weer + toestande**) weerstaan. (1)
- 3.9 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.
Die beoordelaars se beslissing is finaal. (1)
- 3.10 Skryf die verkleiningsvorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord.
Verskaf asseblief, indien moontlik, 'n **woonadres**. (1)
- 3.11 Herskryf die volgende sin met die voegwoord in hakies.
Afslag is van toepassing op kleinhandelpriese. Dit is nie geldig vir enige produkte wat reeds op promosie is nie. (maar)
Begin die sin so: Afslag is van toepassing ... (1)
- 3.12 Skryf die volgende sin in die negatiewe vorm.
Alle werknemers van Tile Africa, asook hul naasbestaendes mag inskryf. (1)
- 3.13 Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm.
Die borge sal die wenners kontak. (1)
- 3.14 Skryf die afkorting van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Die wedstryd is oop vir lesers in **Suid-Afrika**. (1)

[15]

VRAAG 4 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.



- 4.1 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.
Juffrou sê aan die klas: “Ons gaan vandag oor bedreigde diere praat.” (2)
- 4.2 Skryf die vergrotende trap van die vetgedrukte / onderstreepte woord.
Hulle sê mos so **skaars** soos hoendertande. (1)
- 4.3 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord.
Moenie **bekommerd** wees nie. (1)
- 4.4 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Kolom A		Kolom B	
4.4.1	Afleiding	A	tunanette
4.4.2	Samestelling	B	diere
4.4.3	Sametsellende Afleiding	C	klaskamer

- 4.5 Verdeel die vetgedrukte, onderstreepte woord in lettergrepe.
Hulle sê mos so skaars soos **hoendertande**. (1)
- 4.6 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
In raampie 4 gebruik Tandi die idioom “ so skaars soos hoendertande”
(denotief/konnotief) (1)


[9]

VRAAG 5 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- Die taalvrae wat volg, is op die internet-artikel gebaseer.

'n App vir slegs rykes om liefde te vind

1. 'n Splinternuwe ontmoetings-app het in Amerika die lig gesien, maar dis nie bedoel vir enige Jan Alleman nie.
2. Die app LUXY, wat soortgelyk is aan Tinder, verseker dat **welgestelde** en aantreklike enkellopendes se paaie kruis, en skakel al die armsalige en onaantreklike mense uit, berig die *Daily Mail*.
3. Diegene wat meer as R2 miljoen per jaar verdien kan by LUXY aansluit en dié wat nie finansiëel kan byhou nie, word verwyder van die app, sonder enige seremonie.
4. Die misterieuse hoof van die app, wat net as Tim T. bekend staan, sê in 'n digitale wêreld wat by die dag ál groter word, is dit hoog tyd dat iemand 'n filter daarstel wat mindergegoede enkellopendes uitskakel op grond van waar hulle woon.
5. Hy sê almal wil eintlik graag met 'n aantreklike en **welgestelde** persoon uitgaan, en sy app bring die regte mense bymekaar.
6. Die maatskappy werk tans aan talle metodes om die app te beskerm teen mense wat minder as R180 000 per maand verdien.
7. Hoewel LUXY nog net 3 000 lede het, groei dit vinnig en lede word aangemoedig om al hul welgestelde vriende te nooi om aan te sluit.
8. Van die lede sluit in hoof uitvoerende beamptes, beroepsportlui, medici, prokureurs, beleggers, entrepreneurs, skoonheidskoninginne, fiksheidsmodelle en selfs Hollywood-akteurs.
9. En wat van die wat dit nie naastenby kan bekostig om op LUXY te kuier nie?
10. Die maatskappy stel Tinder of Match.com voor.



Deur Huisgenoot Digitaal op Oktober 1, 2014 Bron: dailymail.co.uk

- 5.1.1 Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.
'n Splinternuwe ontmoetings-app het in Amerika die lig gesien, maar dis nie bedoel vir enige Jan Alleman nie. (1)
- 5.1.2 Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.
Die app LUXY, wat soortgelyk is aan Tinder, verseker ryk en aantreklike enkellopendes se paaie kruis. (1)
- 5.1.3 Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin:
Diegene wat meer as R2 miljoen per jaar verdien kan by LUXY aansluit. (1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER-EKSAMEN 2014
VRAESTEL 1

- 5.1.4 Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin:
Dié wat nie finansiëel kan byhou nie word van die app verwyder, sonder enige seremonie. (1)
- 5.1.5 Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is:
En wat van die wat dit nie naastenby kan bekostig om op LUXY te kuier nie? (1)
- 5.1.6 Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is:
Die maatskappy stel Tinder of Match.com voor. (1)
- 5.1.7 Wat is jou standpunt oor die app? (1)
- 5.1.8 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Die webtuiste LUXY is 'n goeie voorbeeld van (gevoelstaal/vooroordeel) (1)

reik, ww~ (gereik). (verh.) 1. Die hand na iets uitstrek (om dit te raak of te gryp). 2. Hom uitstrek tot. 3. Aanbied, gee.

ruik, l s.nw. Ook reuk. 1. Vermoë om te ruik. 2. (-e). Wat 'n mens met die neus waarneem. **II ww. (geruik).** 1. Geur inasem; opsnuif. 2. 'n Reuk, geur afgee, versprei. 3. 'n Onaangename geur afgee; stink. 4. Iets met die reuksin gewaar word. 5. (fig.) Die gedagte opwek, laat dink aan.

ryk¹, s.nw. (-e). 1. Heerskappy, oppergesag, regering. 2. Gebied waaroor 'n vors heers. 3. (fig.) Kring, gebied, sfeer, gebied onder iemand se mag of invloed.

ryk², b.nw. en bw. 1. Vermoënd; wat baie geld en goed besit. 2. Ruim voorsien van. 3. Wat baie oplewer, wat oorfloedig besit. 4. Gelukkig. 5. Kosbaar.

ryk³, Agtervoegesels met die bet. "ruim voorsien van, wat baie van iets het".

Verwerk uit die HAT, Bladsye; 890, 921 en 925.

- 5.1.9 Watter een van die bogenoemde aanhalings uit die HAT sal 'n sinoniem wees vir die vetgedrukte, onderstreepte woorde in paragraaf 2 en 5 van die leesstuk. (1)
- 5.1.10 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
Die woorde "reik" en "ryk" word 5.1.10.1 (homofone/homonieme) genoem omdat dit 5.1.10.2 (anders klink en gespel word/ dieselfde klink maar anders gespel word). (2)
- 5.1.11 Maak 'n sin met die woord "ruik" sodat die betekenis duidelik is. (1)

[12]

**Ek wonder altyd hoe polisiemanne
op fietse mense in hegtenis neem.**



5.2.1 Kies die korrekte antwoord ens kryf slegs die nommer en die antwoord neer.

Die doel van die spotprent is om die leser 5.2.1.1 (in te lig/te vermaak). Die impak van die spotprent is 5.2.1.2 (nie ter sake nie/ter sake) want dit 5.2.1.3 (skep 'n gevoel van verantwoordingskep nie 'n gevoel van verantwoordingskep) omdat die impak daarvan 5.2.1.4 (nie misdad sal bekamp nie/misdad sal bekamp). (4)

AFDELING C TOTAAL [40]

VRAESTEL TOTAAL [70]